KZN DEPTARTEMENT VAN ONDERWYS

GREENBURY SEKONDÊRE SKOOL

AFRIKAANS (EAT )

SEPTEMBER 2018

VRAESTEL 1 : LEESBEGRIP , OPSOMMING EN TAAL

GRAAD : 12

PUNTE : 80

TYDSDUUR : 2 UUR

EKSAMINATRISE : P. RAMJEE

MODERATRISE : A. RAMNATH

DATUM : 05/09/2018

HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT ---------12--------- BLADSYE.

INSTRUKSIES AAN KANDIDATE:

1. Hierdie vraestel bestaan uit 3 Afdelings:
   - AFDELING A : LEESBEGRIP ( 30 )
   - AFDELING B: OPSOMMING ( 10 )
   - AFDELING C: TAAL ( 10 )
2. Beatnwoord AL die vrae.
3. Lees die instruksies by die vrae aandagtig deur.
4. Nommer jou antwoord korrek volgens die vraestel.
5. Beplan jou tydindeling.
6. Skryf netjies en leesbaar.
7. Skryf die voorletters van jou onderwysers bo – aan jou antwoordblad.


Blaai om .... Bl. 2

**AFDELING A : LEESBEGRIP**

**VRAAG EEN : TEKS A : DIE SOKKERVELD MET DIE SPELERS.**

**LEES DIE ONDERTSAANDE TEKS AANDAGTIG DEUR EN BEANTWOORD DIE VRAE.**

# Die sokkerveld met die spelers








Weet jy minder van sokker as wat 'n renoster van ballet weet? Moenie bekommerd wees nie. Hierdie Gids vir Dommies - soos ons - sal jou in 'n japtrap al die inligting gee wat jy nodig het om hierdie spel beter te verstaan. Kom ons begin by die heel basiese dinge: sokker word met 11 spelers aan 'n kant gespeel. 'n Wedstryd bestaan uit twee helftes van 45 minute elk waarin elke span probeer om die bal in sy opponent se doelhok te kry om punte aan te teken.



Elke speler in die span het 'n spesifieke rol om te vervul om seker te maak dat doele behaal word of om te verhoed dat punte aangeteken word.

Die doelwagter moet keer dat die bal in sy span se doelhok ingeskop word. Hy is die enigste speler wat sy arms en hande mag gebruik om aan die bal te raak. Hy dra ook klere wat hom van die res van sy span onderskei. Die doelwagter is die enigste formele posisie op die veld.

Die verdedigers moet die doelwagter bystaan en verhoed dat hulle teenstanders se doelskoppe verby hulle verdediging dring. Hulle moet ook die afrigter se spelpatroon onder die res van die span afdwing. Spelers wat aan die binnekant speel, is meer verdedigend terwyl dié aan die regterkant meer aanvallend is. Hulle is ook dikwels die spelers met die meeste ervaring.

Die senters of aanvallers is die middelveldspelers wie se verantwoordelikheid dit is om die teenstanders van balbesit te ontneem en dan die bal by hulle eie doelskieters uit te kry. Afrigters kies gewoonlik spelers met 'n uitstekende aanvoeling vir die spel om in hierdie posisies te speel.

Die voorspelers van 'n sokkerspan is die doelskieters en hulle rol is om doele te skop, geleenthede te skep waar ander spanmaats ook punte kan aanteken of hulle moet die spel vertraag sodat nog spelers kan bykom om ondersteuning te bied. Hierdie spelers is gewoonlik onverskrokke en beskik oor sterk skopvaardighede in beide bene. Saam vul hierdie spelers mekaar aan sodat die span soos 'n goedgeoliede masjien saamwerk om sukses te bereik.

*(Verwerk uit Sokker vir beginners, bylaag tot Huisgenoot, Mei 2010)*

blaai om ... bl. 3

VRAE :

1.1 Kies die regte antwoord tussen hakies.
"Dommies" in die leesstuk verwys na ( mense wat sokker nie verstaan nie / dom mense ) 1

1.2 Hieronder verskyn vier moontlike antwoorde. Kies die korrekte antwoord en skryf net die korrekte letter neer.

" in 'n japtrap " beteken

A. Baie vinnig
B. Na 'n lang tyd.
C. Deeglik
D. As jy 'n trap opklim. 1

1.3 Noem die belangrikste kenmerk van elke span. 1

1.4 Hoe lank duur 'n sokkerwedstryd? 1

1.5 Wat moet elke span doen om punte aan te teken? 1

1.6 Haal drie agtereenvolgende woorde aan wat na die belangrikste rol van die spelers verwys. 1

1.7 Verduidelik waarom die volgende stelling ONWAAR is.
Alle spelers kan aan die bal raak. 1

1.8 Verskaf 'n rede waarom die doelwagter anders as die res van die span gekleed is. 1

1.9 Sê waarom die volgende stelling 'n FEIT is. Haal aan om jou antwoord te staaf.

Twee en twintig spelers speel in 'n sokkerwedstryd. 1

1.10 Wat is die verskil tussen die spelers aan die binnekant en die spelers aan die regterkant. 1

1.11 Waarom dink jy dat senters of aanvallers 'n uitstekende aanvoeling vir die sport moet hê? 1

1.12 Haal een woord aan ( par 6 ) wat die karakter van voorspelers die beste beskryf. 1

1.13 Waarmee word 'n sokkerspan vergelyk? 1

1.14 Wie dink jy is die belangrikste speler op die sokkerveld. Gee 'n rede vir jou antwoord. 2

[ 15 ]

Blaai om....bl. 4

## TEKS B: INLIGTINGSTEKS

**STATISTIEK EN INLIGTING OOR DIE FIFA SOKKER – WERELDBEKER TOERNOOI - 2018 GEHOU IN RUSLAND VAN 14 / 06 /2018 tot 15 / 07 / 2018.**

**BESTUDEER DIE ONDERSTAANDE INLIGTING EN BEANTWOORD DIE VRAE WAT VOLG.** – Bl 4 ans

| Span | Verskynings by eindstryde | Agtereenvolgende deelnames | Laaste verskyning | Vorige beste prestasie |
|---|---|---|---|---|
| 1 Argentinië | 17de | 12 | 2014 | **Kampioen** (1978, 1986) |
| 2 Australië | 5de | 4 | 2014 | Agtste eindrondte (2006) |
| 3 België | 13de | 2 | 2014 | Vierde plek (1986) |
| 4 Brasilië | 21ste | 21 | 2014 | **Kampioen** (1958, 1962, 1970, 1994, 2002) |
| 5 Colombia | 6de | 2 | 2014 | Kwarteindrondte (2014) |
| 6 Costa Rica | 5de | 2 | 2014 | Kwarteindrondte (2014) |
| 7 Denemarke | 5de | 1 | 2010 | Kwarteindrondte (1998) |
| 8 Duitsland | 19de | 17 | 2014 | **Kampioen** (1954, 1974, 1990, 2014) |
| 9 Egipte | 3de | 1 | 1990 | Agtste eindrondte (1934) |
| 10 Engeland | 15de | 6 | 2014 | **Kampioen** (1966) |
| 11 Frankryk | 15de | 6 | 2014 | **Kampioen** (1998) |
| 12 Iran | 5de | 2 | 2014 | Groepfase (1978, 1998, 2006, 2014) |
| 13 Japan | 6de | 6 | 2014 | Agtste eindrondte (2002, 2010) |
| 14 Kroasië | 5de | 2 | 2014 | Derde plek (1998) |
| 15 Marokko | 5de | 1 | 1998 | Agtste eindrondte (1986) |
| 16 Meksiko | 16de | 7 | 2014 | Kwarteindrondte (1970, 1986) |
| 17 Nigerië | 6de | 3 | 2014 | Agtste eindrondte (1994, 1998, 2014) |
| 18 Panama | 1ste | 1 | – | Debuut |
| 19 Peru | 5de | 1 | 1982 | Kwarteindrondte (1970) |
| 20 Pole | 8ste | 1 | 2006 | Derde plek (1974, 1982) |
| 21 Portugal | 7de | 5 | 2014 | Derde plek (1966) |
| 22 Rusland | 11de | 2 | 2014 | Vierde plek (1966) |
| 23 Saoedi-Arabië | 5de | 1 | 2006 | Agtste eindrondte (1994) |

blaai om .... bl 5.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 24 | Senegal | 2de | 1 | 2002 | Kwarteindrondte (2002) |
| 25 | Serwië | 12de | 1 | 2010 | Vierde plek (1930, 1962) |
| 26 | Spanje | 15de | 11 | 2014 | **Kampioen** (2010) |
| 27 | Suid-Korea | 10de | 9 | 2014 | Vierde plek (2002) |
| 28 | Swede | 12de | 1 | 2006 | Naaswenner (1958) |
| 29 | Switserland | 11de | 4 | 2014 | Kwarteindrondte (1934, 1938, 1954) |
| 30 | Tunisië | 5de | 1 | 2006 | Groepfase (1978, 1998, 2002, 2006) |
| 31 | Uruguay | 13de | 3 | 2014 | **Kampioen** (1930, 1950) |
| 32 | Ysland | 1ste | 1 | – | Debuut |

**1.15** In watter land was die 2018- Fifa Wêreldbekertoernooi gehou? **1**

**1.16** Hoeveel spanne het in die Fifa Wêreldbeker deelgeneem? **1**

**1.17** Haal een woord aan wat daarop aandui dat spanne vir die eerste keer in die toernooi deelgeneem het **1**

**1.18** As jy na die "verskynings by eindstryde " kyk , watter span het deur die jare die beste gevaar? Gee 'n rede vir jou antwoord. **2**

**1.19** Noem die span wat die Fifa Wêreldbeker die meeste keer gewen het? **1**

**1.20** Noem een ooreenkomste tussen Australië en Switserland. **1**

**1.21** Na hoeveel jare het Peru weer in die Wêreldbeker deelgeneem? **1**

**[ 8 ]**

TEKS C : STROKIESPRENT

BESTUURDER DIE ONDERSTAANDE STROKIESPRENT EN BEANTWOORD DIE VRAE WAT VOLG.




VRAE:

1.22 Waarvoor is Andries bang? 1

1.23 Hoe weet jy dat dit baie koud is. 1

1.24 Volgens Marie, wat sal Andries se stres verlig? 1

1.25 Haal een woord aan wat sê dat Marie nie seker is of hardloop beter sal wees as om te loop om die stres te verlig nie. 1

1.26 In raampie 3 is daar een woord wat beklemtoon word. Haal die woord aan. Watter tegniek word gebruik om die woord te beklemtoon 2

1.27 Wat doen Andries wat Marie skok? 1

[ 7 ]

TOTAAL [ 30 ]

Blaai om ....bl. 7

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2: TEKS D: HOE OM ELEKTRISITEIT TE SPAAR**

- **Som die MANIERE hoe ons elektrisiteit kan spaar in sewe volsinne op.**
- **Skryf die maniere puntsgewys onder mekaar neer,**
- **Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.**
- **Laat n reel tussen die sinne oop.**
- **Dui die getal woorde aan die einde van die opsomming aan.**

**HOE OM ELEKTRISITEIT TE SPAAR REG DEUR DIE DAG**

1. Met meer as nege miljoen huise wat elektrisiteit verbruik, moet Suid-Afrikaners soveel elektrisiteit as moontlik spaar. Die versigtige verbruik van hierdie waardevolle bron kan baie help om die lading op die elektrisiteit netwerk te verlig. Onthou om die volgende in gedagte te hou as jy elektrisiteit wil bespaar.

2. Deur 'n stortbad te neem, gebruik jy minder water en sodoende minder elektrisiteit. Jy moet daarom elke oggend baie gou stort. Só help jy ook om die las van die oggend spitstye te verlig.

3. Deur te veel water te kook, gebruik ons onnodig te veel elektrisiteit. Onthou om net die regte hoeveelheid water vir daardie koffie of tee te kook. As jy onseker oor die hoeveelheid water is, sal dit help om die hoeveelheid water wat jy wil gebruik met 'n koppie te meet.

4. As jy die aandete uit die vrieskas uithaal en dit in die yskas laat ontdooi, hoef jy dan nie later die mikrogolfoond vir ontvriesing te gebruik nie. As almal in Suid-Afrika dit doen, sal ons definitief 'n groot hoeveelheid elektrisiteit bespaar.

5. Een van die wêreld se grootste verkwisters van elektrisiteit is die selfoonherlaaier. Baie gebruikers van selfone weet nie dat die herlaaier steeds krag trek, al is die selfoon nie ingeprop nie. Jy moet jou selfoonherlaaier ontprop nadat jou selfoon vol herlaai is.

6. Wanneer jy kook, maak gebruik van deksels en kook slim soos om seker te maak dat jy die stoof afskakel net voor die kos gekook is. Sodoende mors jy nie onnodig elektrisiteit nie. 'n Mens moet seker maak dat die pot of pan se boom die stoofplaat heeltemal bedek. As jy 'n klein pot of pan op 'n groot plaat gebruik dan mors jy elektrisiteit.

7. Het jy geweet dat die mikrogolfoond die mees doeltreffende toerusting is om te kook? Dit gebruik minder elektrisiteit as 'n stoof en jy kan ook baie dinge in 'n mikrogolfoond kook. Kook daarom in 'n mikrogolfoond wanneer jy kan.

8. Verwarmers is een van die toerustings wat baie elektrisiteit gebruik. Skakel verwarmers slegs aan in kamers waarin jy gaan wees.

9. In elke huis gebruik die geiser meer as vyftig persent van die elektrisiteit. Jy kan saans lekker warm bad selfs wanneer die geiser bedags afgeskakel word. Jy moet daarom onthou om jou geiser aan te skakel voordat jy gaan slaap en weer soggens af te skakel.

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 21 Augustus, 2011]


blaai om ... bl. 8

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C : TAAL

### VRAAG 3 : TEKS E ADVERTENSIE

DIE VRAE WAT VOLG IS OP DIE ADVERTENSIE GEBASEER




[Verwerk Uit: *Huisgenoot*, 26 September 2013. bl.53]

blaai om ... bl. 9

3.1.1 Noem die beeldspraak in die opskrif van die advertensie:

" Saphinda Sekonder ŉ Super Skool " 1

3.1.2 Waarom , dink jy , is die beeldspraak in 3.1.1 funksioneel. 1

3.2 Wat word geadverteer? 1

3.3 Wie is die teikengroep van die advertensie? 1

3.4 Kies die korrekte antwoord tussen hakies om die uitdrukking te voltooi. Skryf net die nommer en die letter neer.

3.4.1 Die toekoms is in die ----------- se hande

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| A. | onderwys | B. | regering | 1 |
| C. | besighede | D | jeug | |

3.5 Voltooi die sin. Die advertensie is ŉ voorbeeld van ŉ manipulerende teks. Dit manipuleer die leser om......... 1

3.6 Hoekom gebruik Thembeka die oortreffende trap "beste " in die volgende sin :

"......en ek wil eendag die BESTE dokter word " 1

3.7 Waarom word die eerstepersoon "ek " in die advertensie gebruik? 1

3.8 Wat is die leuse / slagspreuk van die adverteerder? 1

3.9 In watter tydskrif het hierdie advertensie verskyn? 1

3.10 Rangskik die sin in die regte volgorde.

Vroeër ( die toilette / in ŉ baie slegte toestand / was) 1

3.11 Skryf oor in die teenwoordige tyd.

Domestos het al die toilette silwerskoon skoongemaak. 1

3.12 Gee die regte vorm van die woord tussen hakies.

Die skool is baie ( dankie ) aan Domestos vir al die hulp. 1

3.13 Gee die antoniem van die woord tussen hakies.

Die toilette was baie ( skoon ) in die verlede. 1

3.14 Gee een woord vir die woord tussen hakies.

Die toilette moet ( met + dit ) skoongemaak word. 1

[ 15 ]

Blaai om ....... Bl. 10

**VRAAG 4 : TEKS F : INLIGTINGSTUK**

**DIE VRAE WAT VOLG IS OP DIE INLIGTINGSTEKS GEBASEER**

(4.1 ) Weet jy regtig wat 'n paar drankies aan jou liggaam doen?

(4.2) 'n Paar drankies verniel jou liggaam.

- Na een drankie word jy meer ontspanne met baie selfvertroue.
- Na twee drankies begin jou liggaam ontwater.
- ( 4.3 ) Na drie drankies word jou reaksie stadiger en jou lewer werk harder om die gif van die alkohol uit jou liggaam te kry.
- Na vier drankies raak jy emosioneel en deurmekaar.
- Na vyf drankies begin jy sleg sien
- (4.4) Na ses drankies raak jy depressief.
- Na agt drankies sukkel jy om te beheer wat jy sê en doen. ( 4.5 ) Jy voel naar en jy kan jou bewussyn verloor.
- Die limiet vir 'n asemtoets is ( 4.6 ) 0.24 mg per (4.7) 1,000 milliliter, of n bloedalkohol – limiet van 0.05g per 100 milliliter. Baie alkohol in jou bloed kan tot jou dood ( 4.8 ) ( ly / lei ) omdat jy nie reg asemhaal nie of jou hart se ritme kan (4.9) ( deurmekaar ) raak.

  ( 4.10) Kenners sê dat sosiale drinkery baie gewild onder jongmense is . Sosiale drinkery is ook die ( 4.11)(gevaarlik)vorm van drankgebruik.

  ( 4.12 ) Skoolkinders sê : " Ons drink ( 4.13 ) elke week om dronk te word.

  ( 4.14 ) Ons drink vyf of meer drankies kort na mekaar."

  (4.15) 'n Onderwyser het 'n 15 – jarige gevra of hy al ooit 5 shooters binne 5 minute gedrink het.

[Verwerk en aangepas uit Huisgenoot ]

VRAE:

4.1 Noem die **sinsoort** in : " Weet jy regtig wat 'n paar drankies aan jou liggaam doen? 1

**4.2 Herskryf die sin en begin soos aangedui.**

'n Paar drankies verniel jou liggaam.

**Begin so: 'n Paar drankies behoort...** 1

Blaai om......bl. 11

**4.3 Herskryf die volgende sin. Vervang die VOEGWOORD en met daarom.**

Na drie eenhede alkohol word jou reaksie stadiger en jou lewer werk harder om die gif uit jou liggaam te kry. 1

**4.4 SKRYF DIE VOLGENDE SIN IN DIE TOEKOMENDE TYD OOR.**

Na ses eenhede raak jy depressief. 1

**4.5 SKRYF DIE VOLGENDE SIN IN DIE VERLEDE TYD OOR.**

Jy voel naar en jy kan jou bewussyn verloor. 1

**4.6 SKRYF DIE SYFER 24 IN WOORDE UIT.** 1

**4.7 SKRYF DIE AFKORTING VAN DIE WOORD TUSSEN HAKIES.**

Die limiet vir n asemtoets is 0,24 mg per 1000 ( **milliliter** ). 1

**4.8 KIES DIE REGTE WOORD TUSSEN HAKIES.**

'n Hoe bloedalkohol – limiet kan tot jou dood ( **ly / lei** ) 1

**4.9 VERDEEL DIE WOORD DEURMEKAAR IN LETTERGREPE** 1

**4.10 SKRYF DIE VOLGENDE SIN IN DIE DIREKTE REDE OOR.**

Kenners sê dat sosiale drinkery baie gewild onder jongmense is. 1

**4.11 GEE DIE OORTREFFENDE TRAP VAN DIE WOORD TUSSEN HAKIES.**

Sosiale drinkery is ook die ( gevaarlik ) vorm van drankgebruik. 1

**4.12 SKRYF DIE VOLGENDE SIN IN DIE INDIREKTE REDE OOR.**

Skoolkinders sê : " Ons drink elke week om dronk te word . " 1

**4.13 GEE EEN WOORD VIR DIE WOORD TUSSEN HAKIES.**

Ons drink ( **elke week** ) om dronk te word. 1

**4.14 SKRYF DIE VOLGENDE SIN IN DIE LYDENDE VORM OOR.**

Hulle drink vyf of meer drankies kort na mekaar. 1

**4.15 BEANTWOORD DIE VOLGENDE SIN IN DIE ONTKENNENDE VORM.**

Het jy al ooit 5 shooters binne 5 minute gedrink?

**Begin so : Nee, ek…….** 1

**[ 15 ]**

**VRAAG 5 : TEKS G : PRENT**

**DIE VRAE WAT VOLG IS OP DIE PRENT GEBASEER.**

**Blaai om ……bl. 12**



**5.1 VUL DIE LEESTEKENS IN DIE SIN.**

Die ouers grootouers en kinders geniet die dag buite. 1

**5.2 SKRYF DIE SIN OOR IN DIE BEDRYWENDE VORM.**

Die partytjie is deur oupa en ouma gereël. 1

**5.3 GEE DIE MEERVOUD VAN DIE WOORD TUSSEN HAKIES.**

Die ( ma ) sorg vir die babas. 1

**5.4 VOLTOOI DIE SIN MET DIE REGTE WOORD.**

Die opgewonde kinders hardloop heen en .......... 1

**5.5 GEE DIE REGTE VORM VAN DIE DEELWOORD.**

Die ( braai ) vleis het heerlik gesmaak. **1**

**5.6 GEBRUIK DIE WOORDE HIERONDER OM DIE SINNE KORREK TE VOLTOOI.**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **bril** | **braaidrom** | **brille** | **pet** | **lank** | **hoed** | **lang** |

5.6.1 Oupa kan nie mooi sien nie dus dra hy 'n ------------. 1

5.6.2 Ouma se rok is baie ---------------. 1

5.6.3 Die man dra 'n ----------- om sy kop teen die son te beskerm. 1

5.6.4 Die mans braai vleis op 'n ----------------. 1

**5.7 Gebruik die onderstreepte voorsetsel as 'n selfstandige naamwoord in 'n sin. Skryf die sin.**

Die meisie staan <u>by</u> haar vriend wat braai . 1

**[ 10 ]**

**TOTAAL [ 40 ]**

**GROOTTOTAAL [ 80 ]**

GREENBURY SECONDARY SCHOOL
DEPARTMENT OF LANGUAGES
H.O.D MR. R PANDAY